# Die misterie van die twee getuies

## *Hoofstuk 1*

### MY getuies; wat EK sover vertel het.

*Woensdag, 14 November 2007*

MY kinders, baie van julle voel seker verslae soos MY skrywer ook hier, want EK het ook gesê dat twee kom in die vlees. MY skrywer het al vol angs gebid en weer begin dink dat EK nie meer met haar is nie. Nou kom Ons by MY verduideliking;

Eers het EK vir Moses en Elia gebruik as beelde om julle te leer, nou wil EK ook MY Henog gebruik om julle iets te wys. Henog en Elia is weggeruk na die Paradys, sou daar enige verbintenis kon wees? Ja, maar julle sal dit nie sommer verstaan nie.

Henog is soos Elia na die Paradys en EK sal hom ook weer stuur as ‘n getuie om te getuig. Verstaan nou ook mooi, alles wat EK sê is woorde vol groot wysheid, laat MY julle lei, sodat julle julle kan verbly, omdat EK op julle ag gee.

Neem MY Henog as ‘n voorbeeld,

En word so liefdevol soos hy

Dan sal jy na vlees ook baie min ly

Want jy sal jou verbly

En MY bely

En bo alles bemin

Soos in die begin.

Leer nou die les

En doen jou bes

Om te word soos EK vra

EK sal jou op die hande dra

EK, julle MEESTER en SKEPPER van julle harte.

Amen.

## *Henog*

### Hoofstuk 2

*Woensdag, 14 November 2007 om 19:58*

MY kneg, waarom sit jy innerlik en bewe? Glo jy nie onfeilbaar in MY woord nie?

EK wil net vertel dat Henog die nederigste mens op aarde was, en dat hy MY so lief gehad het, dat EK hom opgeneem het na MY.

Hy het vir Adam die waarheid vertel, toe EK na hulle as die nederige Asmahael, uit die diep dal van Hanoch gekom het. Dit was Henog wat deur sy liefde tot MY onsterflik geword het. Henog het seuns as profete begin leer. Dit is ook sy nageslag wat EK gespaar het in die vloed. Henog is vol liefde en heerlikheid en hy sal MY werk kom volbring.

Wat kan julle leer uit wat EK nou vertel het?

Laat EK julle dit sê; 'Julle kan MY liefhê en nederig wees en EK sal julle maak, die bande van die sonde breek. Liggaamlik sal jy streef, maar EK het jou al lankal losgekoop.

Vrees nie die dood van die liggaam

Want daarmee saam

Verwerf jy MY RYK

Waar jy sal skitter en pryk.

So leer die les, dat dit EK is wat maak en wat breek, EK gee jou genade, deur jou liefde en dade wat van liefde skitter. Dink nie dat jy deur jou werke geregverdig is, jou werke is niks, het jy MYNE gesien? So volbring dit, en almal sal weet dat julle MY dien.

Amen.

EK, JAHWEH.

Amen.

## *Henog*

## Hoofstuk 3

*Woensdag, 14 November 2007 om 21:17*

Wees nie verstom

MY Henog sal EK nie verniet laat kom.

*Donderdag, 15 November 2007 om 10:05*

Het EK nie gepraat dat daar drie is wat vir MY getuig nie? EK het gesê die Gees, die water en die bloed. MY Moses staan vir die gees, Elia vir die bloed en Henog vir die water. Almal ewe noodsaaklik. Nou goed, EK het vertel van twee getuies, nou kom ons by die twee wat die wêreld kan sien.

Vir die wêreld bestaan die GEES mos nie, en die werke van die wêreld is dood.

Hoe kan hulle dan nog MY woord glo? Selfs MY skrywer glo MY nie, en is beangs. Hoekom glo julle nie net nie?

EK IS die Alfa en die Omega. Geregtigheid gaan uit MY mond, as EK spreek; is MY woorde GEWIS.

Amen.

## *Henog*

## Hoofstuk 4

*Vrydag, 16 November 2007 om 13:45*

***Henog het met MY gewandel en met MY engele gespreek.***

Nou 'n insident uit die lewe van Henog; eendag het 'n vreemdeling uit die dieptes na die kinders van die Hoogtes gevlug*. 'n Naam het hy nie gehad nie en op sy voorhoof was die merk van Kain. Toe vader Adam hom sien, het hy streng gevra; 'Wat doen jy hier, dooie uit die diepte? Die merk van Abel se dood deur Kain is op jou voorhoof, en sy bloed stroom in jou are.'

Die vreemdeling het op die grond neergeval en Adam het gesê; 'Spreek as jou tong 'n taal magtig is!'

Die vreemdeling het vreesbevange in die stof van die aarde gelê en bewe en skielik het Enos gesê; 'O, vaders en kinders, ek onthou skielik dat ons in 'n droom op dieselfde plek gestaan het en dat ek u Abel by die man gesien het, dat Abel hierdie man vir u gebring het, vader Adam'.

Henog het dit ook bevestig en die presiese plek aangewys soos Enos. Adam, die ou vader het hulle toe geglo en het gesê; ‘O, Abel, wat jy vir my gebring het, neem ek op, al is dit Kain self! Staan op, seun uit die diepte, jy sal Asmahael heet, dit is; vreemdeling wat na Elohim soek.’

Adam het hom aan die sorg en leiding van Henog oorgelaat en was verbaas om die woorde uit die mond van die vreemdeling te verneem, want Asmahael was eers nie ‘n taal magtig nie. Asmahael het gesê dat hy die woorde geleer het uit die mond van die Boodskapper wat hom tot daar gelei het. Hy het die boodskapper beskryf, en dit was Adam se geliefde Abel.

MY kinders, dit is in kort die storie van die Vreemdeling Asmahael, en Henog het sy leermeester geword.

Amen.

Later nog meer oor Asmahael.

Amen.

***(Volledige verhaal kan gelees word in Jakob Lorber se o boek, Huishouding van God - Deel 1.)***

## *Henog*

### Hoofstuk 5

*Saterdag, 17 November 2007 om 13:06*

***Nou wil EK meer vertel oor Asmahael;***

Henog het voortgegaan en geleer in MY Naam, en die vaders het hulle verstom oor die woorde wat uit Asmahael se mond gekom het. Hy het gepraat oor die woorde en gesê dat die woord die wysste is; want eenmaal gespreek, is dit gespreek, en geen dier kan uit homself spreek nie. Hy het ook gesê dat die Woord alle dinge uit Homself geskape het. MY Henog het vir die vaders uitgelê wat Asmahael se woorde beteken.

Na dit het al die vaders gegaan om die kinders te nooi vir die Sabbat van die volgende dag. EK kan nie alles vir julle vertel nie, maar wat EK sê, moet julle na luister.

Asmahael het op ‘n tier gery na die kinders en hulle was verskrik, en een van die vaders het gesê; ‘Soos Asmahael op die tier ry, sal die GROOT VERLOSSER op ’n donkie ry.’ Set en Henog het toe al geweet WIE die MAN was wat uit die diepte gekom het, en Asmahael het gevra om ‘n woord te spreek, Adam het nie geweet WIE die MAN is wat wil spreek en dat Set en Henog nie mag sê WIE HY is nie en het hulle gevra.

Toe hulle nie wou spreek nie, het hy baie hartseer geword en nie gedink dat die gebod van GOD hoër is as wat hy vra nie. Hy het teen MY gemurmureer en gesê dat hy nie weer ‘n woord gaan praat nie.

Lateraan het hy DIE EEN herken en gesê; ‘Asmahael, wie woorde spreek soos U wat net so lewend is as Elohim SELF, is geen vreemdeling meer nie, maar tuis in die hart van elke mens! Nou is dit vir my duidelik waarom die kinders voor my moes swyg! My Elohim en my MEESTER, laat ek ook swyg, sodat U ons nie sal verlaat nie!

Amen!

Sien julle, MY kinders, die les is absolute nederigheid en deemoed, sodat julle sal luister en nie veroordeel nie. EK, die Ewige Liefde, julle VADER, kom in die grootste deemoed en sagmoedigheid. Word nederig en julle sal MY aanskou in verwondering.

Amen! Amen! Amen!

## *Henog*

### Hoofstuk 6

*Saterdag, 17 November 2007 om 13:27*

***Die twee dele van die leer van Henog;***

***Liefde;***

Henog het die ander van MY, julle SKEPPER en VADER geleer. Hy het geleer soos EK hom in die hart gelê het, dat EK die Groot Liefde is wat julle geskape het. En ook het HY geleer dat EK as VERLOSSER na die aarde gaan kom. Die kinders van Adam was verbaas en Set was vurig vir wat Henog hulle geleer het. Hulle het toe meer van MY ervaar en hulle het die wysheid van MY gebod ingesien. Want EK het hulle as wet gegee; ‘Jy moet Elohim liefhê bo alles en jou naaste soos jouself.

***Nederigheid;***

Om te luister en te vra, sodat EK alles vir julle/hulle kan sê in julle/hulle harte.

Nederigheid om te luister na waarheid, al kom die persoon wat dit bring van waar. Vergelyk die verhaal van Asmahael met MY skryfknegte van nou; hulle kom almal uit die dal van die dood, dis net MY genade en liefde wat hulle gevra en gekry het, hulle het MY diep gesoek en ook gevind. Nou roep EK julle uit die dal van die dood en vra julle om te luister in alle nederigheid na MY woord in jou hart en glo wat EK vir jou daardeur sê.

Amen.

Wees nederig en in MY liefde.

Amen.

# *Henog*

## Hoofstuk 7

*Maandag, 19 November 2007 om 18:49*

***‘n Gebeurtenis uit die kindertyd van Henog;***

MY Henog was vol van MY krag, want hy het MY van kleins af gesoek. Eendag was daar ‘n gebeurtenis in die huis van vader Adam en niemand het geweet wat om te doen nie. Die seuntjie Henog het daar gestaan en toegekyk, en skielik sê hy die volgende deur MY GEES; ‘vader Adam, ons moet bid tot Elohim dat HY ons moet help, en HY wat Ewig Lewe sal kom en ons uitred en alle verkeerdheid onder ons uit laat verdwyn. So laat ons bid!’

Die vaders het gemeen dat ‘n kind nie moet spreek in die raad van die vaders nie, maar Adam, MY eersteling, het opgestaan en gesê; ‘Die kind het wys gespreek, volgens die raad van Elohim, so laat ons bid en HY sal sekerlik antwoord!’ EK het hulle antwoord gegee en dit was soos manna uit die hemel.

Sien wat EK spreek deur ‘n kind wat MY liefhet en na MY luister. Luister julle ook na wat kindertjies sê, en dit sal julle nie berou nie.

Dit was MY les vandag aan julle, wees heeltemal ook soos ‘n kind, sodat jy kan vra en EK sal gee.

Amen.

Dien MY soos ‘n kindjie wat MY liefde beantwoord.

Amen.

# *Henog*

## Hoofstuk 8

*Donderdag, 22 November 2007 om 11:01*

MY kinders, baie sal sê dat julle wat MY woorde hoor, moet oppas vir ‘n leuengees, terwyl die leuengees sy kloue diep in hulle geslaan het. Julle wat MY woorde hoor, hou vas aan MY. Want EK maak julle nederig, dis EK wat julle leer. Henog is ook deur MY hierdie lesse geleer. Julle kan ook vir hom as ‘n voorbeeld vat.

Die mense wat vir julle ‘n struikelblok probeer wees, sal oor hulle eie leringe struikel en so sal hulle hard val. EK sal julle beskerm, EK het in sy eerste tyd as swak mens ook baie vir Henog beskerm, totdat hy MY in hom opgeneem het en een met MY geword het.

Julle sal ook nog een met MY word. EK behoed julle.

Amen.

Bly nederig en hou jou gereed.

Luister!

Amen.

## *Henog*

## Hoofstuk 9

*Donderdag, 22 November 2007 om 11:09*

MY kinders, kan julle nie verstaan dat MY twee getuies as mense ook onder julle teenwoordig is nie? MY skrywers weet al wie is een. EK het hulle egter verbied om te sê. En MY gebod is vir hulle bo alles. Hulle sal die geheim nie uitlaat nie.

Maar Henog sal ook nog aan hulle bekend gemaak word, egter later. Julle sal nog moet wag en vra hulle nie na wat EK nou sê nie. Weet ook wat EK verduidelik het ‘n geestelike sy, en daarin vertel EK van die wedergeboorte. Gees, water en bloed. Wie is wie? Moses staan vir GEES, Elia vir bloed en dus vir werkende krag en Henog as die water wat EK hier as kennis of wysheid aangee.

Dit gee julle ook ‘n idee hoe MY getuies te werk sal gaan.

Volg hulle na in dit! Julle wat EK wysheid gee, gaan daarvolgens, julle wat krag kry, doen die werke, julle wat vol liefde is, leef in die GEES. Sien dit as iets binne elkeen van julle. Julle almal het wysheid van MY ontvang, sommige meer en ander minder. Die met minder wysheid het ‘n ander talent, so gee EK ook aan elkeen wat vra. Julle kan almal dieselfde ontvang, maar julle is individualisties en vra elkeen iets anders. Beny geen ander een sy gawe nie, want jy het ook gawes gekry.

EK wat gee en wat neem. Vir altyd.

Amen.

## *Henog*

## Hoofstuk 10

*Saterdag, 24 November 2007 om 11:21*

Henog het met GOD gewandel en is opgeneem as teken van kennis van geslag tot geslag.

Ja, MY kinders, julle kan ook met MY wandel en wandel met MY is om te weet dat EK altyd by jou is.

EK het vir Henog baie dinge gewys, want in hom is die engelgees genaamd Rafael. Rafael is een van MY engele van liefde, en EK dra aan hom op om mense te beskerm. Hy is een van MY aartsengele. Hy is, toe hy opgeneem is, heeltemal in die gees opgeneem en sy liggaam het deur die liefde weggesmelt soos was in die son. Hy was een van die persone op aarde wat altyd geweet het wat gaan aan en hy het dag en nag aan MY gedink. EK, die nederige Asmahael was in sy liefde. En ook deur die liefde het hy MY in die nederige kind van die diepte herken. Vader Set het MY voor Henog herken, want dit is hoe EK werk, vader Set het MY gesoek en daarom het EK aan hom verskyn.

MY kinders, verstaan MY woorde.

Amen.

## *Henog*

## Hoofstuk 11

*Saterdag, 24 November 2007 om 11:31*

MY kinders, Henog het hom baiekeer teruggetrek en hom van mense afgeskei, sodat hy net aan MY kan dink. En in daardie tye het EK aan hom gewys dinge wat skaars te beskryf is. En die heerlikheid van die liefde het Henog omstraal.

MY kinders, kom ook na MY en gee jou aandag net vir MY en EK sal jou lei en aan jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie. EK weet julle het almal pligte en EK vra julle nie om julle daarvan te onttrek nie, dis vir jou 'n toets om reg deur alles steeds aan MY te dink en op MY woord te wag.

Henog het hom ook nie onttrek van sy pligte nie, al hoe hy MY gesoek het, was diep in sy hart in totale afsondering in sy binnekamer. Ook het hy met tye na MY gekom in die gees. MY engele het dinge vir hom gewys.

MY skryfkneg, jy is so blind vir die dinge. EK het al in jou drome engele gestuur en hulle het jou dinge geleer, EKSELF was by jou, maar jou siel is nie ontwikkel genoeg om dit op te neem nie.

Ook aan julle, MY kinders, het EK al in drome verskyn, maar julle onthou dit byna nooit. EK sal julle help as julle net regtig julle siele wil ontwikkel, deur MY groot liefde sal EK julle gou reinig deur MY vergote bloed.

Amen!

Liewe kinders, luister!

Amen!

## *Henog*

## Hoofstuk 12

*Saterdag, 24 November 2007 om 13;08*

MY Henog sal hierdie keer

Oor die dood triomfeer

Hy kom om jul te leer

Hoe om MY te eer

Hy kom julle leer

EK is die Deur

Wie deur MY ingaan

Sal vir altyd lewend staan

Henog kom julle leer

Ja! Gee MY die eer

EK stuur hulle vir julle

Luister na MY deur hulle

MY Henog kom

Om te pluk MY blom

EK stuur hom

EK kom ook saam met hom

MY hele engeleskaar
Het gekom om
Te help pluk MY blom
Dis julle wat MY Koningskind baar

MY Henog sal triomfeer
Van die dood kom hy julle leer
EK laat hom staan op MY woord
Hy sal op sy voete staan
Op die weg wat EK vir julle baan
Totaal lewend in MY
Omdat hy vir MY stry.

## *Henog*

## Hoofstuk 13

*Saterdag, 24 November 2007 om 18:47*

Nou is julle gereed om meer te hoor van die geeste van Moses, Elia en Henog en wat dit beteken.

Moses is MY GEES van liefde, Elia is die GEES van werke en Henog is die GEES van wysheid of kennis. Nou sal sommige van julle sê; 'Is U GEES nie die liefde, werke en wysheid nie?' Maar hoe sleg verstaan julle nog dinge. MY skryfkneg, jy het self vandag geskrik vir MY woorde wat jy totaal verkeerd opgevat het. In jou nood bel jy MY seun wat alles toe aan jou uitgelê het, terwyl jy net na MY toe moes gekom het. Mense, leer nou die les om na MY toe te kom.

Ja, dit is MY GEES, dit is die gees wat in julle teenwoordig moet wees vir julle wedergeboorte. Die GEES, die water en die bloed, dit is altyd teenwoordig. Dit is julle liefde vir MY en julle naaste wat julle vry maak, werke is liefde tot MY en jou naaste, wysheid is 'n krag uit MY wat aan julle wat dit waardig is, gegee word.

Volg hierdie raad na en julle sal wedergebore word. Ja, julle is MY getuies. Julle almal het EK gekies om vir MY te getuig. Ondersteun ook MY Elia en MY Henog wat as mense by julle teenwoordig is.

Moet egter nie dink dat hulle bo julle verhewe is nie, onthou EK het almal ewe lief en julle is almal MY liewe kinders.

Julle VADER wat julle oneindig liefhet.

Amen.

## *Henog*

## Hoofstuk 14

*Saterdag, 24 November 2007 om 19:01*

MY kinders, EK wil nou verduidelik wat is die pyn wat julle kry in julle harte, dis nie 'n fisiese pyn nie, maar so diep dat dit voel asof iets in julle wil breek.

Ja, baie van julle het dit al deurgemaak en gehyg en gesteun en gedink dat julle vreeslik ly. MY kinders, dis die pyn van wedergeboorte, dis hoe julle geboorte skenk aan MY koningskind, wat saam met MY vir altyd op die troon gaan sit.

Dit is deur julle liefde vir MY dat julle dit vir MY doen. EK is elke oomblik met julle, EK hou wag oor elkeen van julle. Moet daarom in die tye dat jy so voel, nie dink dat EK jou verlaat het nie, wees bly, want jy is op MY weg.

Ja, dit is EK wat julle gereinig het deur MY vergote bloed dat julle nou die voorreg kan smaak om volwaardig een van MY kinders te kan word.

Onthou, jy is MY getuie, in jou werk die GEES van liefde, werke en wysheid. EK het dit aan julle gegee. Gaan en wees ‘n volwaardige getuie vir MY. Ondersteun MY twee seuns, wat MY twee getuies is. EK het hulle gestuur, dit is EK wat praat.

Amen.

## *Henog*

## Hoofstuk 15

*Saterdag, 24 November 2007 om 19:12*

Dit is MY woorde aan julle en EK wil hê dat julle dit moet verstaan.

In die oë van die wêreld is daar net twee getuies, maar die GEES van liefde is die derde, verstaan nou wat EK gesê het; ‘Daar is drie wat getuig in die hemel, die VADER, die Seun en die Heilige GEES. En daar is drie wat getuig, die GEES die water en die bloed.’ Dit is ook julle wedergeboorte wat EK hiermee beskryf het, kyk net diep. Dit is die verhaal van die drie wat vir MY en van MY getuig.

Lees dit nie met julle verstande wat julle niks kan laat verstaan nie, lees dit met MY GEES van liefde in julle harte. MY GEES wat alles kan verstaan, wat alles weet en wat elke grens, hoe ver, diep, hoog of laag, alles kan begryp en van alles weet.

Dit is MY liefde vir julle, dat EK julle weer as kinders teen MY VADERBORS wil ontvang.

Dit in al MY liefde. Amen.